# ONS LAND SE SIMBOLE BEHOORT DIE INWONERS TE VERENIG: ONS VLAG AS VOORBEELD

Jurie J. Joubert
Departement Geskiedenis
Die Onderwyskollege Wellington

"Daarom het Adam en Eva die Paradys nie gewaardeer nie, omdat hy hulle niks gekos het nie."

C.J. Langenhoven


By die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners bestaan die wanindruk dat die vlag en die ander nasionale simbole, sinoniem met die politiek is. Dié misplaaste idee spruit onder meer daaruit dat dié simbole se ingewikkelde "geboortegeskiedenisse" aan leerlinge, selfs leerlinge in die junior primêre fase, opgedis word. Hierdie artikel is juis daarop toegespits om aan te toon hoe 'n persoonlike bewuswording in die betekenis van die vlag, in plaas van die blote kennis opdoen van die ontstaansgeskiedenis daarvan, by leerlinge bewerkstellig kan word.

Die kind behoort alreeds tydens die junior primêre fase, die simboliek van ons vlag te verstaan. Sodoende word 'n riglyn vasgelê waarvolgens die kind self die betekenis daarvan daagliks in sy of haar lewe kan toepas. Die kind word hierdeur gelei tot sy verantwoordelikheid om die staat as instelling daagliks te beskerm en uit te bou.

Elke kind en elke mens behoort 'n ideaal te hê om 'n positiewe patriotisme uit te leef. Ek beskou patriotisme as daardie gesindheid van 'n persoon om sy eie belang ondergeskik te stel aan die algemene welsyn van sy land. Die enkeling moet persoonlike opofferings maak sodat die land daardeur bevoordeel kan word. Dit is geen oppervlakkige opwelling van emosionele liefde en trots in jou land nie, maar is gebaseer op 'n beginselvaste strewe na dit wat goed en verhewe is in die land as geheel. Daar lê ongelukkig opgesluit in die woord patriotisme heel dikwels 'n baie negatiewe element. Dit is wanneer dit gegrond is op haat en miskenning van ander mense.

Dit behoort die doelstelling van elkeen te wees om patriotisme in die dieper en mooier betekenis na te streef. Daar moet liefde vir dié land, ons vaderland, wees, maar dit moet op suiwer lewensbeginsels gegrond wees. In al my planne en strewes moet 'n deugsaamheid ingeweef word, sodat dié land se belange op die beste manier gedien kan word. Nie net om die vaderland lief te hê nie, maar daar moet altyd gepoog word om net die beste vir die vaderland te gee, al is dit soms noodsaaklik dat ek opofferinge moet maak om sodoende die grootste voordeel in my land te verkry.

Daarom is dit so belangrik dat die leerling ons simbole sal verstaan om daardeur prakties gelei kan word tot ware patriotisme. Om slegs 'n klomp kennis aan die leerlinge oor te dra, soos tans in die meeste gevalle gebeur, sonder begrip, sal dít nooit kan plaasvind nie.



In Suid-Afrika behoort al die simbole ons juis te verenig en nie te verdeel nie. Daarom moet alle politiek hieruit verwyder word en die simboliek eerder die rigtinggewende maatstaf wees. Dit moet nie deur die kind as 'n ververwyderde of hoogwapperende doek, sonder betekenis beskou word nie, maar eerder beleef word as iets wat daagliks op alle terreine van die lewe op elke burger se persoonlike ondersteuning aanspraak maak.

Die voorbeeld wat hierin gebruik word, behoort met vrug in die junior primêre fase gebruik te word. Die inhoud van die begrippe is egter bedoel vir alle leerlinge asook volwassenes.

Ek gebruik die vlag as 'n voorbeeld omdat daar juis daaroor soveel onnodige politiek opgewek word.



Die meeste skole het spesiale uitkennende vlae en baniere. Dit is egter simbole van 'n spesifieke soort wat slegs tydens sekere geleenthede gebruik word. Tog is ons in die meeste gevalle baie trots daarop, selfs jare nadat die leerling die spesifieke skool verlaat het.

Op dieselfde wyse het elke land ook sy eie nasionale simbole. Sedert 1928 het Suid-Afrika sy eie vlag. Indien dié vlag bestudeer word, sal 'n gedeelte van Suid-Afrika se geskiedenis daarin waargeneem kan word.



Die agtergrond van die vlag bestaan uit drie ewe groot gekleurde strepe, oranje, wit en blou. Hierdie ontwerp is vanuit die Nederlandse vlag, wat aan die Kaap in Van Riebeeck se tyd gewapper het, geneem. In die middel is daar drie klein vlaggies. Aan die regterkant is die Vierkleur wat bestaan uit vier strepe, rooi, wit, blou en groen. Dit was die vlag van die Z.A.R. (Transvaal). In die middel is die ou vlag van die O.V.S. toe dit nog 'n onafhanklike Boererepubliek was. Aan die linkerkant is die Britse Union Jack en verteenwoordig die jarelange Britse verbintenis met Suid-Afrika.

Dié vlag het ontstaan omdat daar lank gelede 'n gevoel in Suid-Afrika ontstaan het dat almal in die land moet saamstaan en verenig moet word. Daarom is die verskillende gedeeltes van die vlag getuienisse van gedeeltes van ons land se geskiedenis. In dié tyd is daar verder besluit om die leuse van ons landswapen "Ex Unitate Vires" of in Afrikaans vertaal "Eendrag Maak Mag" te maak. Dié leuse asook die geskiedenis van ons vlag verklaar dat die Suid-Afrika van vandag ontstaan het a.g.v. inspanning en stryd en daarom moet ons ook bereid wees om dit met inspanning te beskerm en daagliks daarop trots te wees.

In die kleure van die vlag lê groot simboliese betekenis wat dit vir ons makliker maak om dit te verstaan en herinner ons ook elke keer as ons die vlag sien aan ons taak en verantwoordelikheid.





ORANJE

*Aanbidding*



1) Die reg van Godsdiensvryheid.
2) Die RSA se Grondwet beklemtoon juis dit.
3) Spreek ons ook aan dat dit elkeen se plig is om God te aanbid.

*Beskerming*

1) Die land moet ons beskerm (SAP, SAW).



2) Dit is ons plig om alles wat God aan ons gegee het te beskerm (o.m. die natuur).
3) Alles wat vir ons kosbaar is moet beskerm word.

*Eer*



Verleen eer aan dié wat dit toekom:
- Ouer mense
- Kinders, ander mense
- Arm of ryk
- Onderwysers
- Eiendom van mense
- Natuur.

WIT

*Reinheid en Skoonheid*



1) Ons lewe altyd langs die regte pad hou – dit gee sin aan die lewe in elke mens.
2) Nie verkeerde dinge doen nie.
3) Tot voordeel van die land lewe – bv. oneerlikheid en dwelmgebruik te beveg.
4) Almal moet daarna streef.

*Vrede*



1) Met jou maat en alle ander mense so leef.
2) Baie belangrik vandag.

BLOU

*See en Lug*



1) Verskaf voedsel.
2) Nie besoedel nie.
3) Mense kan dit geniet.

*Hoopvolle Vooruitsig*



1) Om te kan beplan wat jy eendag wil doen of word.
2) Beplan nou met die wete dat dit wel bereik kan word.
3) Geleerdheid te kan bekom.
4) Ewige Lewe te kan beërwe.

*Goddelike Ewigheid*




1) Die bestaan van God te verstaan.
2) Nietigheid van die mens besef.
3) Dat ons land vir altyd sal bestaan *indien* God dit so sou beskik.

ROOI

*Geloof en Oortuiging*



1) Soos 'n vuur wat aanhou brand – só moet elkeen glo. Verder moet jy jou krag gebruik om die land te ontwikkel en dit ook lief te hê.




2) Alles doen met so 'n warmte wat uitstraal en tot voordeel van almal gebruik en nie net tot voordeel van jouself nie.


3) Geloof is vandag baie nodig.

Die vlag simboliseer dat indien almal bogenoemde nastreef of miskien self bereik, sal die volgende in die land kan plaasvind nl.:






Daardeur kan die leuse van suid-Afrika se wapen bereik word omdat almal in die land dit sal probeer bereik. Eendrag Maak Mag.

"'n Vlag is nie 'n blote doek nie
'n Vlag is 'n lewende iets
Vir 'n vlag kan mense leef
Vir 'n vlag kan hulle leef en sterf.''

D.F. Malan